Die Gelykenis van die Talente (Matt.25:14-30).

Ek glo dat die gelykenis van die Talente in die konteks van Matt.24 en Matt.25 verstaan moet word. Die konteks van hierdie twee hoofstukke is Joods, want aan die begin van Matt.24 sien ons dat Jesus met net Sy dissipels praat en dat Hy ondere andere ook na die Joodse tempel, na die sabbat en na die "uitverkorenes" (die Verbondsvolk Israel) verwys. Verder sien ons in Matt.25:31-46 dat daar na 'n saligheid verwys word wat op werke gebaseer word:-

> *" Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk...Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die* ***geringstes van hierdie broeders van My,*** *het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe. "*

Hierdie "evangelie" van werke kan nie betrekking hê op mense in die genadebedeling van die kruis nie, want in die kerkdispensasie word mense gered, nie deur werke nie, maar deur geloof in Jesus Christus se volbragte soendood op die kruis **(Ef.2:8).**
In konteks van die gelykenis van die talente word mense gered en veroordeel volgens hulle werke; wat hulle teenor die Jode, wat die broeders van Jesus genoem word, gedoen het.

Slotsom

Ek glo dat hierdie gedeelte betrekking het op 'n tyd wat die Jode intense vervolging gaan ervaar, 'n tyd wat in die Skrif die tyd van Jakob se benoudheid genoem word **(Jer.30:7).**
Die gelykenis van die Talente is 'n profetiese booskap aan die Jode en wat met hulle sal gebeur as hulle nie hul verantwoordelikheid as rentmeesters van die boodskap van Jesus se Messiasskap en die koninkryk van God nakom nie:-

> *"Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (**Matt.10:5-7).**

Die gelykenis van die talente kan nie betrekking hê op Christen gelowiges nie, want as ons ons "talente" verwaarloos het en eendag voor die regterstoel van Christus verskyn, sal ons geen loon ontvang nie, maar ons siele sal nogtans nog gered word:

> *"...elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;* ***as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered*** *sal word, maar soos deur vuur heen"* **(1Kor.3:13-15)**.

In teenstelling met wat met gelowiges gaan gebeur, sien ons in die gelykenis van die talente dat die persoon wat nie sy talente gebruik het nie in die buitenste duisternis gewerp gaan word:

> ***"En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande"*** **(Matt.25:30).**

Ek glo dat die gelykenis van die tien talente nie oor die saligheid van individue gaan nie, maar betrekking het op die volk Israel. Ek glo dat die gelykenis 'n boodskap aan die volk Israel is en wat profeties met hulle sal gebeur as hulle nie verantwoordelik die "talent" hanteer wat aan hulle gegee is nie. Die "talent" van om die ontvangers te wees van al die profetiese voorspellings van hulle profete aangaande hulle Messias se koms en ook die getuienis van Sy fisiese verskyning aan hulle as Hulle Verlosser! Die hele geskiedenis van Israel se "duisternis" en "geween en gekners van tande" as gevolg van vervolging, oorlog en lyding, is 'n vervulling van wat in die gelykenis van die talente voorspel is.

> *"En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!"* (**Matt.27:25).**

Nick Maartens
Jeffreysbaai